Agri Securitas
Trust Fonds/Trust Fund
Mediaverklaring / Media Release

Privaatsak / Private Bag X180 Centurion 0046, Tel +27 (0)12 643 3400, Faks/ Fax +27 (0)12 663 3178

Agri Securitas help boere misdaad voorkom
Agri Securitas helps farmers to prevent crime

1 Augustus/August 2016

Agri Securitas help boere misdaad voorkom

Die boerdery gemeenskappe van Utrecht in KwaZulu-Natal, Vaalharts en Namakwaland in die Noord-Kaap het pas finansiële hulp van die Agri Securitas Trustfonds ontvang om deur die aanwending van tegnologie, as 'n bykomende hulpmiddel, misdaad in hulle gebied te voorkom. Vrystaat Landbou se veiligheidslessenaar wat behulpsaam is met die implimentering en koördinering van die landelike beveiliging strategie is ook finansieel ondersteun.

"Die Trustfonds streef daarna om boerderygemeenskappe finansieel te help om die misdaad aanslag teen te werk. Deur die gemeenskappe te help om hulle veiligheid te verbeter poog die Trustfonds om 'n bydrae te maak tot die landbousektor se produksie vermoë om voldoende voedsel en vesel aan die verbruiker beskikbaar te stel en sodoende ook by te dra tot stabiliteit in die land. Dit is 'n omvangryke taak wat die Trustfonds op hom neem om boere, plaaswerkers en hulle gesinne se veiligheid te help verbeter" sê Japie Grobler voorsitter van die Trustfonds.

Die implimentering van kamarastelsels is handige tegnologie om die beweging van voertuie en persone in en uit 'n gebied te monitor. Die stelsels word in samewerking met die polisie bedryf sodat verdagte voertuie en persone wat die gebied inkom spoedig opgespoor kan word. Die stelsels word aanvullend gebruik tot die aanwending van plaas patrollies om 'n wye dekkingsgebied onder observasie te plaas en verder dien dit ook as afskrikmiddel vir misdaad. In die Utrecht geval sal die nagsigtoerusting wat verskaf word aangewend word in die stryd om veediefstal teen te werk wat in dié gebied 'n groot probleem is.

Die Trustfonds probeer om met dié hulp die veiligheidsvraagstuk te verbeter, en die gemeenskappe se paraatheid te verskerp. In gevalle waar bydraes reeds gemaak is word positiewe terugvoer ontvang in die bekamping van misdaad. Versoeke om hulp word deur provinsiale organisasies oorweeg waarna dit vir goedkeuring aan die Raad van Trustees voorgelê word.

Die Trustfonds gee erkenning aan sy sakevennote Nissan SA, Sanlam, CrisisOnCall en Sonfin wat deurlopend finansiële bydraes lewer ter ondersteuning van die oogmerke van die Trustfonds. Die behoefte aan ondersteuning in die stryd teen misdaad en die aansprake op finansiële hulp deur die Trustfonds word al groter en daarom word 'n beroep op die privaatsektor gedoen om finansieel betrokke te raak by die Trustfonds se werk.
Uitgereik deur Agri SA, Direktoraat: Korporatiewe Skakeling

Navrae
Japie Grobler, Voorsitter, Agri Securitas Trustfonds, 0828258018
Kobus Visser, Direkteur: Korporatiewe Skakeling, Agri SA, 012-643 3400 of 082 388 0010

Agri Securitas helps farmers to prevent crime

The farming communities of Utrecht in KwaZulu-Natal, Vaalharts and Namaqualand in the Northern Cape recently received financial assistance from the Agri Securitas Trust Fund to prevent crime using technology as an additional resource. Free State Agriculture's security desk, which assists with the implementation and coordination of the rural safety strategy, was also assisted financially.

"The Trust Fund strives to support farming communities financially to combat crime. By assisting communities to improve their safety, the Trust Fund attempts to make a contribution towards the agricultural sector's capacity to provide the consumer with sufficient food and fibre and, so-doing, also contribute towards stability in the country. The Trust Fund has taken on the enormous task to assist in improving the safety of farmers, farm workers and their families," said Japie Grobler, chair of the Trust Fund.

Camera systems serve as useful technology to monitor the movement of vehicles and people to and from an area. These systems are operated in conjunction with the police so that suspicious-looking vehicles and people entering the area can be traced swiftly. The systems are used in addition to farm patrols, placing a large area under observation while also serving as a deterrent. In the case of Utrecht, the night vision equipment to be supplied will be used to combat stock theft, which is a serious problem is the area.

.

With this support, the Trust Fund attempts to address the security problem and improve awareness within these communities. In cases where contributions have already been made, positive feedback has been received. Requests for assistance are considered by provincial organisations, after which they area submitted to the Board of Trustees for approval.

The Trust Fund acknowledges its business partners Nissan SA, Sanlam, CrisisOnCall and Sonfin, all of which on an ongoing basis contribute financially towards the aims of the Trust Fund. The need for support in the fight against crime and the demands made on the Trust Fund for financial assistance are increasing; for this reason, the private sector has been urged to become involved in the activities of the Fund.

Issued by Agri SA, Directorate: Corporate Liaison

Enquiries

Japie Grobler, Chair, Agri Securitas Trust Fund, 0828258018

Kobus Visser, Director: Corporate Liaison, Agri SA, 012-643 3400 or 082 388 0010